

Maandag 7 Desember

Skrifgedeelte: Openbaring 3:14-22

Fokusgedeelte: Openbaring 3:15, 16

Gaan die Here my ook uitspoeg?

God is beslis nie ongenadig nie - al het Hy rede om te wees! Hy sê vir die trotse Laodiceërs: Kry by My oogsalf wat jou oë kan oopmaak om te sien, want die salf wat jy gebruik, hou jou blind. Dit sorg net vir jou liggaamlike oë. Die oogsalf van God maak jou oë oop om ook jou eie ellendes te sien, en daarmee saam die genade van sy verlossing in Jesus Christus.

Verder moet hulle ook goud by Hom koop vir ware rykdom - die ewige lewe. Hy beveel hulle ook om by Hom wit klere te koop. Wit is die kleur van oorwinning. Verder is wit natuurlik die kleur van God se heiligheid.

Die wit kleur het hier die betekenis dat dit staan teenoor swart, wat die kleur van die dood is. Dit staan teenoor die swart bokhaarklere wat die tipiese rykmansdrag van die Laodiceërs van daardie tyd was. Die simboliek van die saak is dat die Laodiceërs in hulle beste vertoon van lewe nog steeds in die kleur van die dood vasgevang is. Daarteenoor bied die Here vir hulle die ewige lewe aan.

Vir Adam en Eva het die Here klere van vel gemaak, maar hulle moes op die aarde teen die sonde voortveg. As ons die hiernamaals intree, kry ons wit klere - klere wat wit gewas is in die bloed van die Lam (Op. 7:14). Adam en Eva is as sondaars in die geskiedenis ingestuur. Ons word as oorwinnaars en verlostes in God se koninkryk ontvang.

Sing: Psalm 36-1:2

Dr. MJ du Plessis (Thinus) (Emeritus)